

Sondag 14 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 71:1-2, 6-20

Fokusgedeelte: Psalm 71:17, 18

Die liefde van die Here strek verder as wat ons kan dink

Op hierdie dag in die heidense samelewing rondom ons word die liefde gevier. Hierdie gebruik en die onderhouding daarvan is 'n debat vir 'n ander keer.

Tog kan 'n mens nie help om oor die liefde na te dink op 'n dag soos vandag nie. Liefde soos ons dit ook uit die wêreld om ons leer ken. En dit is waar ons ook Psalm 71 aantref. Fisies tussen Psalm 70 van Dawid en Psalm 72 van Salomo, lei ons af dat dit die gedagtes van 'n vermoënde man is. Maar daar is een bedreiging wat selfs vermoënde mense nie vryspring nie, en dis ouderdom. Om oud te word, bring dikwels eensaamheid, want dit is mos juis in die ouderdom wat hierdie wêreldse liefde wat ons ken, dikwels wegwyn.

Daarom hierdie worsteling of my hemelse Vader my ook sal verlaat wanneer ek oud is. Sal Hy my ook alleen laat dat 'n jonger, sterker bese my kan verslind (vs 11)? Maar dan ken ons saam met die Psalmdigter die grootheid van die liefde van die Here (vs 17, 18). Daar waar Hy sy eniggebore Seun nie gespaar het nie, maar Hom kom offer het in die plek van ons sondes. Dit is daar waar ons ook weer Romeine 8:38 se tipe liefde leer ken. Duidelik strek die liefde van die Here verder as die idee wat die wêreld vier vandag. Ja, dit strek selfs baie verder as wat ons onself kan indink.

Sing: Psalm 71-1:1, 6, 9

Ds. FR Pretorius (Franscois) (Phalaborwa)